**Hy sal vir julle 'n ander Parakleet gee**

**Joh 14:13-24**

**16 November 2025**

1. Vantevore: Drie uitsprake van die Here Jesus – "Ek is die weg en die waarheid en die lewe", "Ek is in die Vader, en die Vader in My", "Wie in My glo, hy sal ook die werke doen wat Ek doen, en hy sal nog groter dinge as dit doen, omdat Ek na die Vader gaan."
2. "Wat julle in My Naam vra, sal Ek doen" (Joh 14:13-14)
    a. Die Here Jesus beloof twee maal: "Wat julle vra, sal Ek doen"
    b. Drie kwalifikasies:
        i. "Julle" = gelowiges – dus beperk tot gelowiges
        ii. Moet in Sy Naam gevra word – in lyn met die Here Jesus en Vader se wil,
        iii. Sodat die Vader deur die Seun verheerlik mag word – wat gevra word, moet die Seun instaat stel om die Vader te verheerlik – juis deur die groter dinge
    c. Gelowiges kan vrymoedig vra om instaat te wees om groter dinge te kan doen
3. "Ek sal die Vader vra, en Hy sal vir julle 'n ander Parakleet gee" (Joh 14:15-17)
    a. Konteks: Die Here Jesus gaan weg, dissipels moet groter dinge doen – maar hoe?
    b. V15: Twee eienskappe van gelowiges is: (1) Liefde vir die Seun (2) Onderhou Sy gebooie (insluitend die groter dinge) (vgl v12, v23, 1 Joh 5:3)
    c. V16-17: Die Here Jesus bemoedig die dissipels met belofte van Parakleet / Heilige Gees (v26)
        i. Heilige Gees word deur óf die Vader óf die Seun gestuur – Hulle werk in harmonie (vgl 14:16, 15:26, 16:7)
        ii. Parakleet = Helper, Voorspraak, Pleitbesorger, Trooster – ondersteun gelowiges
        iii. Heilige Gees = <u>ander</u> Parakleet – die Here Jesus is ook Parakleet (vgl 1 Joh 2:1 DAV)
        iv. Heilige Gees = Gees van die waarheid. Die Here Jesus is die waarheid (Joh 14:6)
        v. Wêreld kan nie die Heilige Gees ontvang as Parakleet nie
        vi. Heilige Gees is by en in die gelowiges vir ewig
    d. Dus drie eienskappe van gelowiges: (1) Liefde vir die Seun (2) Onderhou Sy gebooie (3) Heilige Gees is by en in hulle
4. Die gelowige se intieme verhouding met die Drie-Enige God (v18-24)
    a. V18: Die koms waarvan die Here Jesus praat is Sy koms na Sy opstanding uit dood
        i. V19 sê die koms gebeur na 'n kort rukkie, en dissipels sal sien Hy leef
        ii. V20 sê op daardie dag sal dissipels weet die Here Jesus is in die Vader, hulle in Hom en Hy in hulle
    b. Bo en behalwe verhouding met die Heilige Gees, wou die dissipels ook voortgesette verhouding met die Here Jesus hê, selfs na Hy weggaan
        i. Die Here Jesus beloof op Opstandingsondag gaan hulle sien Hy leef
        ii. Die gevolg is intieme verhouding met Drie-Enige God: Vader in die Seun, Seun in die Vader, Seun in gelowiges, gelowiges in die Seun, Heilige Gees in gelowiges
        iii. Gelowiges werk in omgewing van liefde: Liefde vir mekaar, lief vir die Seun, die Seun lief vir die gelowiges, die Vader lief vir die gelowiges, die Vader lief vir die Seun, die Seun lief vir die Vader, Heilige Gees spoor gelowiges aan tot liefde (v21, 23)
        iv. Gelowiges werk in gehoorsaamheid in lyn met die Seun se wil, wat in lyn is met die Vader se wil, aangespoor deur die Heilige Gees
        v. Die Drie-Enige God kom by gelowiges woon (v23) – nou reeds die Seun en die Heilige Gees, en met die wederkoms ook die Vader (vgl Op21:3)
5. Afsluiting
    a. Gelowiges is toegerus om die groter dinge te kan doen: Hulle gebede sal verhoor word, hulle ontvang die Heilige Gees, hulle het noue band met die Drie-Enige God, hulle werk in 'n liefdesomgewing, hulle werk mee aan uitvoering van die wil van die Vader en die Seun